PiP
EDUTAINMENT
trust

Die volgende projekte word deur ons aangespreek.
Kultuur - Vermaak - Godsdiens - Opvoedkunde/Onderwys

Projekte in die Beplanning- en/of Produksiestadium

Wie is ek Oupa?

Hierdie historiese drama-reeks in dialoogvorm met byklanke en musiek, (deur Radio Omroeper/skrywer/regisseur, Francois van Heyningen,) is 'n opwindende en prikkelende gedramatiseerde voorstelling van die ontstaan, kultuur-ontwikkeling en geskiedenis van die Afrikaner met die doel om ons ware geskiedenis aan die ouderdomsgroep 6-10 voor te stel.

Pip en die Seisoene

"Pip en die Seisoene" is 'n kinder-aksiedrama met dialoog (gespeel deur stem-akteurs), musiek en byklanke, wat alles bydra om in sy geheel 'n spanningsvolle, emosionele verhaal te skep, vol humor, patos en hartseer.

Pip Plaaslik en Internasionaal

Vertaling van Pip na die amptelike tale (verkieslik alle plaaslike landstale), maar beslis die hoof-tale soos Engels, Zulu, Xhosa, Sesotho, setTswana en Pedi, maar ook internasionaal (onder andere Engels, Frans, Duits, Spaans, ens.). Verder is onderhandelinge aan die gang om(in ooreenstemming met die Afrikaans/ Nederlandse toenadering) "Pip en die Seisoene" ook in Afrikaans oor die senders van die NCRV (Nederlandse Radio Unie) en die BRT in Antwerpen, (Vlaandere) uit te saai.

Voetspore in die Sand

Pieter Lourens bied hierdie godsdiensprogram aan in die unieke styl van 'n aktualiteitsprogram vanuit die Natuur en koppel dit aan 'n gedramatiseerde Bybelverhaal; verder 'n kort oorsig en verduideliking van die geestelike implikasies van die betrokke "Skrifgedeelte" en sluit dan af met gepaste musiek.

Pip-skoolprojek

Die verhaal "Pip en die Seisoene" is geïdentifiseer as 'n verhaal met soveel opvoedkundige- en lewenswaardes, dat dit tans in die proses is van evaluering om ge-implementeer te word as voorgeskrewe, opvoedkundige materiaal vir Graad R tot Graad 7.

Uit die Skatkis van ons Skrywer

Om boeke van skrywers (onder andere Hertzog-pryswenners) van vorige dekades (Africana), te verwerk en te dramatiseer in dialoogvorm vir plaaslike Radio en CD - verspreiding en aan Afrikaanssprekendes in die buiteland – insluitend ons stamlande.

Media en aanwending

Radio, Internet, Video , CD-verspreiding,
Gedrukte media (Boeke, Tydskrifte en Koerante)



Radiostasies

(wat reeds ons programme uitsaai)

Suid-Afrika

Radio Alfa – 97.8fm: Badplaas, Mpumalanga.
Radio Helderberg – 93.6fm: Somerset-Wes, WP.
Radio Kragbron – 93.1fm: Witbank, Mpumalanga.
Radio Panorama – 107.6fm: Henneman, Vrystaat.
Radio Pretoria – 104.2fm: PTA-Rand, Gauteng.
Beach Radio – 88.5fm: Scottburgh, Natal.
Radio Namakwaland – 93.4fm: Vredendal.
Lichvaal Stereo – 92.6fm: Lichtenburg.

Internasionaal

Radio Kanaal 7 – fm: Namibië.

Internet

(Ons sigbaarheid en programme)

Van ons programme is reeds beskikbaar op
www.pipstories.co.za & **www.pipstories.com**

facebook

Programme op Facebook

Pip die Perskepit

Ondersteunende partye en instansies

The Godparents Project
(Kaapstad)
Dr Ingrid Koch
(Opvoedkudige Sielkundige - Johannesburg)
Dr Margaret Lourens
(Opvoekundige Sielkundige - Pretoria)
CVC Media
(Internasionale Christen-Radio Netwerk)